PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

WYSIGINGSWETSONTWERP OP BASIESE ONDERWYSWETTE [B2-2022]

VOORLEGGINGS

Die Portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys nooi belanghebbendes en belangstellende individue uit om skriftelike kommentaar oor die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette [B2-2022] in te dien. **Die wetsontwerp is beskikbaar by: https://www.parliament.gov.za/bill/2300398.**

Die wetsontwerp het ten doel om die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No 84 van 1996), en die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet No 76 van 1998) (onderskeidelik die SASW en die WIO) te wysig ten einde dit in ooreenstemming te bring met ontwikkelings in die onderwyslandskap en om te verseker dat leerstelsels in werking gestel word op 'n wyse wat uitvoering gee aan die reg op basiese onderwys soos verskans in artikel 29(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Die wetsontwerp het onder andere ten doel om sekere omskrywings te wysig; om voorsiening te maak dat bywoning van graad R verpligtend is, en om voorsiening te maak vir stelselverbeterings met betrekking tot toelating van leerders tot openbare skole. Dit maak ook voorsiening vir finansiële en openbare aanspreeklikheidsraamwerke vir beheerliggame en provinsiale departemente.

Die wetsontwerp maak voorts voorsiening vir bykomende reguleringsbevoegdhede van die Minister, en die verbetering van besluitneming en toesighoudende magte van departementshoofde en lede van die uitvoerende rade.

Die wetsontwerp het ook die volgende ten doel: tegniese en substantiewe aanpassings; die verduideliking van sekere bestaande bepalings; die invoeging van bepalings waarvoor daar nie in bestaande wetgewing voorsiening gemaak word nie; en die versterking van afdwingmeganismes vir oortredings en strawwe.

Dit staan enige persoon of organisasie wat skriftelike kommentaar wil indien, vry om direkte voorleggings vir aandag aan mnr Llewellyn Brown, die Komiteesekretaris per e-pos te rig by **belabill02@parliament.gov.za** of aanlyn by **https://forms.gle/MoC6AdbdQyYPk3Y49** of per **WhatsApp na +27 60 550 9848**. Mnr Llewellyn Brown kan by 083 709 8450 vir navrae bereik word. Skriftelike voorleggings moet die Parlement teen nie later nie as 15 Junie 2022 om 16:00 bereik. Benewens skriftelike voorleggings, dui asseblief aan of u mondelinge voorleggings wil doen.

Alle korrespondensie moet aan mev B P Mbinqo-Gigaba, Voorsitter: PK oor Basiese Onderwys gerig word en vir mnr L A Brown se aandag gemerk word.

Verskaf asseblief die naam, van, telefoonnommer en e-posadres van die persoon of organisasie wat die kommentaar indien in u voorlegging.

Uitgereik deur mev B P Mbinqo-Gigaba LP, Voorsitter: PK oor Basiese Onderwys.